Beeld-Kinderfonds

30 jaar

Beeld-Kinderfonds se beskermpersone: Kobus Wiese en Carike Keuzenkamp saam met kinderhuiskinders

Beskermheer: Mathews Phosa saam met kinderhuiskinders.

Kontakbesonderhede:

www.beeldkinderfonds.co.za

Skakelbeampte:
Adrie van Staden
☎ 011 976-2273
e-pos:
adrie@beeldkinderfonds.co.za

Administratiewe beampte:
Annari Walters
☎ 011 893-3185
e-pos:
annari@beeldkinderfonds.co.za

Posadres:
Privaatsak X 202,Pretoria 0001

Verbly harte al 30 jaar

Fonds help kinders steeds

Die geskiedenis van die *Beeld*-Kinderfonds: 1977 tot 2007.

Die ontstaan van die fonds

Die Kinderfonds het sy ontstaan in 1977 gehad toe *Beeld* en die Rapportryers van Langlaagte saamgespan het om geld in te samel om kinders van die Abraham Kriel-kinderhuis in Langlaagte, asook kinders uit Mayfair, Vrededorp en Claremont in Johannesburg met vakansie see toe te neem.

Mnr. Ton Vosloo, destyds redakteur van *Beeld*, was in die eerste gesprekke gewillig om berigte te plaas, maar die redaksie van *Beeld* was huiwerig om met 'n fonds te begin aangesien *Beeld* nog 'n nuwe koerant in die Transvaal was en ander koerantfondse soos die Transvaler se Kersfonds en die Vaderlandse Kinderstrandfonds nog sterk gefunksioneer het. Vir die jong koerant sou dit 'n berekende risiko wees om te probeer om mee te ding met die ander koerante.

Die behoefte was egter sterk by *Beeld* om meer betrokke te raak by sy gemeenskap se minderbevoorregte kinders. Daarom is die besluit tog geneem om die fonds te begin. Daar is 'n beroep gedoen op sakeondernemings, *Beeld*-lesers en die publiek om by te dra tot die fonds. Die Rapportryers van Langlaagte het besluit hulle wou op 'n praktiese wyse 'n verskil maak in hul gemeenskap.

Ds. Dawid Venter, destyds ook 'n teologiestudent, wat toe op 'n vryskutbasis by *Beeld* as verslaggewer gewerk het, het by *Beeld* gaan aanklop om 'n beriggie te plaas oor die kamp.

Mnr. Nic Lötter, adjunkhoof van die John Orr-skool in Johannesburg, en ds. Johan Krige, destyds 'n teologiestudent in die NG gemeente Fordsburg, het die inisiatief geneem en die eerste kamp is van 6 tot 13 Desember 1977 by Sportweni aan die Natalse Suidkus gehou.

Die eerste kamp het as die Jeugleiers-ontspanningskursus bekend gestaan. Daar is gefokus op minderbevoorregte kinders en kinders wat andersins nooit die geleentheid sou kry om met vakansie see toe te gaan nie.

Beeld het die eerste jaar twee berigte geplaas waarin lesers gevra is om hulp vir die kamp.

'n Volle 43 persone het as borge opgetree en die bedrag van R2 846,24 is ingesamel. Daarmee is 55 kinders op die eerste kamp geneem.

In 1978 is twee kampe gehou. Dawid Venter, Johan Hölscher, Nic Lötter en Claude Möller was by die een kamp van 8 tot 15 Desember betrokke. Johan Krige, Stefan en Karin Krige, Helen Krige en Elise van Niekerk was by die ander kamp van 22 tot 29 Desember as personeel betrokke. By die kampe is daar ook met die jong mense gepraat oor Christenskap, verhoudings en Afrikaneridentiteit.

In daardie jare het die Christelike Maatskaplike Raad kinderhuise, kerke en skole kinders aan die kampe toegewys. Studente van die eertydse Goudstad Onderwyskollege en die Randse Afrikaanse Universiteit het met die vakansies toesig gehou.

In 1982 het dit sowat R100 gekos om 'n kind vir tien dae see toe te neem. Vanjaar sal dit na raming R1 000 per kind kos vir sewe dae.

Die groei van die fonds

In die eerste klompie jare is die fonds hoofsaaklik gedra deur lesers van *Beeld*. Ná sowat vier jaar is 'n uitnodiging aan 'n aantal kerke gerig om ook betrokke te raak. Die trustees wat uit die kerke saamgestel is, het aanvanklik onder die fondsinsamelingsnommer van die Rapportryers gefunksioneer, maar in die middel tagtigs het die *Beeld*-Kinderfonds sy eie insamelingsnommer bekom.

In 1977 is net R2 846,24 ingesamel. Vanjaar het die fonds sy boekjaar met 'n allemintige R3 miljoen afgesluit.

Op 5 Oktober 1982 skryf Johann Hölzapfel, 'n eertydse assistentredakteur van *Beeld*: "Die teikenbedrag is R50 000. Dit klink baie…"

Twee jaar later skryf Hölzapfel: "Die mikpunt is vanjaar (1983) 'n groot uitdaging: R100 000 voor Kersfees."

Hy skryf voorts op 1 Oktober 1983: "Toe *Beeld* en die Rapportryers van Langlaagte in 1977 besluit het om met die projek te begin, is R2 000 van ons lesers gevra om 60 kinders see toe te vat. Sedertdien het sowat 2 000 kinders baat gevind by hierdie projek."

Vandeesweek stuur Hölzapfel 'n boodskap van gelukwensing aan die Kinderfonds: "Sterkte met die jaarlikse insameling, wat destyds klein begin en toe 'n reus geword het."

Die afgelope 30 jaar het die Kinderfonds sonskyn in duisende hulpbehoewende kinders oor kleurgrense heen se lewe gebring. Die fokus het verskuif van hoofsaaklik kampe na 'n wye verskeidenheid van projekte vir kinders in nood wat ondersteun word.

Baie sorgbehoewende kinders het nie eens 'n behoorlike bord kos, klere of 'n plek van veiligheid nie, maar danksy die hulp van die (vervolg op bl. 3)

Die eerste seekamp in 1977 het vir groot opwinding gesorg.

(vervolg van bl. 2) Kinderfonds kan baie van hulle gehelp word.

Rolspelers

Persone wat in die eerste 15 jaar ’n groot bydrae tot die fonds en sy administrasie gelewer het, was Nico en Roleen Faasen en Helen Krige.

Die Beeld-Kinderfonds word vir meer as 20 jaar reeds beheer deur ’n raad van trustees waarin die Nederduits Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk, die Verenigde Gereformeerde Kerk, die Apostoliese Geloofsending (AGS) en *Beeld* verteenwoordig word.

Aan die einde van elke boekjaar word ’n verdelingsvergadering gehou waartydens die raad besluit hoe om die geld tussen verskeie welsynorganisasies te verdeel.

Die fonds se geldsake word deur PricewaterhouseCoopers geoudit. *Beeld* erken alle bydraes en plaas ook soms berigte oor begunstigde instansies. As voorsitters het ds. Hennie Visser en ná hom, past. Eben Müller, onskatbare bydraes gelewer.

Beeld-personeel het deurentyd goeie insette oor lang periodes gelewer. In die beginjare was mnr. Eric Wiese en sy vrou, Sannie, baie positiewe rolspelers. Hulle het selfs op kampe saamgegaan en gehelp met die reëlings.

Iemand soos Johan Hölzapfel het ook ’n baie positiewe rol gespeel. So ook mense soos mnre. Tienie Botha en Piet Gouws, en me. Riana de Lange.

Die fonds het die laaste paar jaar só gegroei dat ’n heeltydse bemaker in 1996 aangestel is, mev. Adrie van Staden, ’n jare lange steunpilaar van die Kinderfonds.

Sy het sedert haar aanstelling heeltyds gewerk aan geldinsamelingsprojekte vir die Kinderfonds.

In 2006 is ’n tweede persoon, mev. Annari Walters, aangestel, wat die administrasie en finansies van die fonds behartig.

Die betrokkenheid van trusteelede soos dr. Jan Oberhölzer, mee. Edelweiss Schieke, Shirley Theron, Helena Jackson, ds. Terrence Wessels en mnr. Frans Swanepoel het die afgelope jare bygedra tot die groei van die fonds.

Ds. Johan Krige, die huidige voorsitter, is die enigste lid van die trustees wat vanaf die begin, vir 30 jaar, steeds by die Kinderfonds betrokke is.

Beskermhere

Dr. Willem Cruywagen, eertydse administrateur van Transvaal, was die eerste beskermheer, ’n posisie wat hy met groot onderskeiding beklee het.

Die huidige beskermhere vir die fonds is die sangeres Carike Keuzenkamp, die voormalige Springbokrugbyspeler Kobus Wiese en die oud-politikus Matthews Phosa.

Kinders speel in die see op een van die eerste seekampe.

Hoogtepunte

In die eerste 10 jaar is meer as 4 000 kinders see toe geneem. Die getal kinders wie se lewens die afgelope 30 jaar die Kinderfonds geraak is, is na raming meer as 100 000.

Met die Westdene-busramp in 1985 was die Beeld-Kinderfonds die eerste om ’n bedrag van R10 000 te skenk.

Deur die jare heen het die Kinderfonds gehelp om baie gate toe te stop.

Só het die Kinderfonds in 1989 R407 700 ingesamel om te keer dat die Abraham Kriel-kinderhuis in Langlaagte sy deure sluit.

Talle *Beeld*-lesers wat jaarliks ruim bydra tot die Kinderfonds is oudleerlinge van dié kinderhuis.

Sommige van die kinders wat deur die Kinderfonds gehelp is, het beurse ontvang om verder te studeer. Van hulle is vandag gesiene sakemanne, onderwysers en beroepsmense.

Beeld-Kinderfonds in 2007

’n Rekordbedrag van R3 miljoen is met die afgelope boekjaar vir die Kinderfonds ingesamel. Daarvan is byna R2 miljoen aan kinderwelsynprojekte van die deelnemende kerke uitbetaal.

Benewens genoemde bedrag aan kerke se welsynsprojekte, is ’n bykomende R520 000 aan sowat 60 welsynsorganisasies geskenk wat by die Kinderfonds om hulp aangeklop het.

’n Verdere R100 000 is opsy gesit om einde vanjaar ’n groep van 100 behoeftige Afrikaanssprekende kinders see toe te neem ter viering van die Kinderfonds se 30ste bestaansjaar.

Die kerklike welsynsorganisasies kry dieselfde persentasie uit die Kinderfonds se publieke fonds as hul bydrae tot die Kinderfonds se totale inkomste.

Die AGS, die Hervormde Kerk, die NG sinodes van Noord-Transvaal, Hoëveld Suid-Transvaal, Oos-Transvaal en Wes-Transvaal en die Verenigde Gereformeerde Kerk se gesamentlike bydrae tot die fonds was R1,27 miljoen.

Dit verteenwoordig 42,5% van die Beeld-Kinderfonds se totale inkomste van R3,002 miljoen vir 2006/’07.

Geldinsamelingsprojekte

Verskeie insamelingsprojekte laat die rande inrol. Dit sluit jaarlikse, gevestigde projekte in soos:

Die Super10-spinmarathon, die Valentynsdans- en dinee, vier gholfdae, ’n Kerskonsert en vanjaar ook ’n modeextravaganza.

Die grootste inkomstebron is die motorkompetisie, wat vanjaar die elfde keer in samewerking met Toyota en RSG 100-104 fm aangebied word. Dié kompetisie het in 2006 sowat R829 000 ingesamel.

Die borge en sakevennote wat hierdie geldinsamelings tot dusver moontlik gemaak het, is onder meer:

Absa, Union Caterers, Eiland Spa, Acctech Systems, VDT Prokureurs, Du Toit, Smuts en Matthews Phosa Prokureurs in Nelspruit, Kumba Resources, CMV Rekenmeesters, Universal Office Automatives, Decor-D-Zign en McCarthy Toyota.

Nog noemenswaardige bydraes was die skenking van R100 000 deur Annique Rooibos en Velsorgprodukte aan die Kinderfonds met die viering van mev. Annatjie Theron, stigter van Annique, se 75ste verjaardag.

Dankie

Aan elkeen wat in die 30 jaar van die Beeld-Kinderfonds se bestaan ’n bydrae gelewer het, deur ’n woord of ’n daad of ’n skenking, wil ons baie, baie dankie sê.

Sonder mense wat betrokke is, kan die Beeld-Kinderfonds nie bestaan nie.

Aan ons God en Hemelse Vader wat sy hand oor die *Beeld*-Kinderfonds gehou het, wat ons soveel geseën en soveel goeie werke tot stand gebring het, wil ons al die dank bring.

Aan God alleen die eer!

Só word geld gebruik

Fonds dra by tot talryke projekte

Verslag: Aanwending van fondse 2007

Beeld-Kinderfonds – 30 jaar

Die 2006/'07-boekjaar was vir die Beeld-Kinderfonds baie suksesvol deur die genade van ons God en Vader. R3 002 742 is ingesamel, waarvan R2 802 742 toegeken is aan projekte vir kinders in nood. Ons dank aan gemeentes van die deelnemende kerke (AGS, NG Kerk, Hervormde Kerk en VGK) wat die grootste donateurs tot die fonds is. Hulle totale bydrae is R1 274 557. Dankie ook aan elke *Beeld*-leser en die sakesektor wat ons ondersteun het. Maatskappye wat besonder groot bydraes gemaak het, was Toyota, Absa, Radiosondergrense, McCarthy Toyota en Kumba Resources.

Die Beeld-Kinderfonds vier vanjaar sy 30ste bestaansjaar. Dit is gestig in 1977 en het toe sowat R2 846,24 ingesamel. Ons is dankbaar dat die fonds ná 30 jaar steeds bestaan en met 1 000% gegroei het vanaf sy ontstaan.

Die Beeld-Kinderfonds se missie is om geld in te samel vir kinders in nood van alle rasse, binne *Beeld* se verspreidingsgebied. Die begrip "kinders in nood" dek 'n wye spektrum: van gestremde kinders tot kinders in arm gemeenskappe en kinders in pleegsorgstelsels en kinderhuise. Hierdie kinders is deur die kinderhof van hul ouers verwyder weens verwaarlosing, mishandeling en seksuele molestering.

Dan is daar ook die kinders wat wees gelaat is weens vigs.

Die omvang van kinders wat gemolesteer, mishandel, verlaat of wees gelaat word en aan geweldsmisdade blootgestel word, is baie groot. Kinders wat trauma ervaar het, benodig spesialishulpverlening, waarvoor heelwat geld aangewend word.

Deelnemende kerke

Die Afrikaanse kerke is in die geheel die Beeld-Kinderfonds se grootste donateurs. Ons ooreenkoms met die kerke is dat hul gemeentes bydra tot die Beeld-Kinderfonds en dat dieselfde persentasie wat hulle insamel, toegeken word aan die welsynsarms van die deelnemende kerke, persentasiegewys volgens elke kerk se bydrae tot die Beeld-Kinderfonds. Die geld wat toegeken is (R1 988 632), word vir die volgende projekte gebruik:

Apostoliese Geloofsending:

R200 058 is aan kinderwelsynsprojekte toegeken en word as volg aangewend:

MIV/vigs-projek

Altesame 64 babas word in vyf plekke van veiligheid versorg. Die babas is almal deur hul moeders verlaat. Sommige van die babas is terminaal siek en kry intensiewe versorging.

Klerasie-en-linneprojek

Skoolklere moet seisoenaal aangekoop word en linne moet van tyd tot tyd vervang word vir kinders by pleegsorghuise en die Villa Lubet-kinderdorp.

Opvoedingsbehoeftes

Kinders in die Villa Lubet-kinderdorp word dieselfde geleenthede gebied as kinders wat by hul ouers woon. Geld word dus aangewend vir buitemuurse aktiwiteite, kampe en beroepsgerigte vakke. Weens die trauma waaraan die kinders blootgestel is, benodig hulle dikwels terapeutiese dienste deur sielkundiges, arbeidsterapeute en spraakterapeute.

Skoolverlatersprojek

'n Pleegsorghuis word gebruik om verblyf te bied aan kinders wat gematrikuleer het, en hulle te help om 'n betrekking te bekom en 'n program te laat deurloop wat hulle leer om finansieel en fisiek selfversorgend te word. Die projek duur een jaar lank.

Hervormde Kerk

R484 092 is toegeken vir die bedryf van diakonale pleegsorghuise. Hierdie huise vervul die rol van die voormalige kinderhuise van die NH Kerk. Ses kinders word per huis deur 'n pleegouerpaar versorg. Die huise funksioneer soos enige gewone huis waarin kinders versorg, opgebou en ontwikkelingsgeleenthede gegee word.

Die geld word voorts gebruik vir terapie en 'n volledige behandelingsprogram wat spesifiek vir elke kind ontwerp is. Geld word verder aangewend vir die Transoranje-instituut wat die volgende skole ondersteun: Transoranje-skool vir dowes, Sonitus-skool vir gehoorgestremdes, Prinshof-skool vir gesiggestremdes en Transvalia-skool vir epileptici.

NG Kerk

NG Kerk-sinode Oos-Transvaal

R294 241 is toegeken en aangewend vir die projekte van die Christelike Welsynsrade (CWR) in Gauteng en Mpumalanga. Die fisieke en emosionele veiligheid van kinders is vir die CWR 'n belangrike prioriteit en so ook die behoud van 'n gesonde gesinslewe. Daarom word baie aandag gegee aan verhoudings, die voorkoming van gesinsdisintegrasie en kinders en tieners in krisis.

Gemeenskapsontwikkeling is 'n ander belangrike diensterrein van die CWR.

Die doel is om aan individue, gesinne en gemeenskappe in nood se basiese behoeftes te voorsien, en om hulle te bemagtig ten einde selfstandigheid te bevorder ten opsigte van lewens- en sosiale vaardighede. Dit sluit in voedselhulp aan gesinne, vakansieprojekte vir arm kinders, pleegsorg, lewensvaardigheidskursusse, hulp aan vigswesies, toerusting en hulp aan gemeenskapskleuterskole en voorkomingsprogramme oor seksuele misbruik.

NG Kerk-sinode Wes-Transvaal

R271 238 is toegeken aan NG Welsyn en word aangewend vir:

☐ Spesialis- terapeutiese dienste vir getraumatiseerde kinders deur 17 takke van NG Welsyn in Noordwes;

☐ Gemeenskapsdienste

Die gemeenskapsentrum in Evaton bied voeding, hulp met skoolwerk en ontspanningsaktiwiteite, asook lewensvaardigheidsopleiding.

Die Gembou-kindersorgsentrum in Roodepoort versorg 70 behoeftige of getraumatiseerde kinders en bied lewensvaardigheidsprogramme aan.

Die Sandfontein-dagsorgsentrum verskaf dagsorg, voeding en hulp aan 20 kinders.

Die Wolmaransstad-straatkindprojek help om in basiese behoeftes te voorsien.

Polokong Community Centre in Vanderbijlpark en Utwanang-gemeenskapsorgsentrum in Christiana bied hulp en versorging aan verwaarloosde, mishandelde, verlate en weeskinders, asook kinders wat deur vigs geraak word.

☐ Kinderhuise

Altesame 70 kinders word versorg by die Catherine Robson-kinderhuis in Vereeniging. Die Beeld-Kinderfondsskenking word aangewend vir addisionele leesklasse, terapeutiese dienste vir seksueel gemolesteerde kinders, klere en toerusting en geld vir buitemuurse aktiwiteite, kleuterskoolgelde, skoolklere, onderhoudskoste van die swembad en herstelwerk aan huise.

Vir Abraham Kriel-kindersorg in Potchefstroom is skoolklere vir die somer en winter vir 50 leerlinge aangekoop. Vir al die kinders is ook nuwe skoolskoene en tekkies gekoop.

Kinders in kinderhuise word mooi versorg, hier spog hulle met nuwe skooldrag, reg vir die nuwe skooljaar.

NG Kerk-sinode Noord

R100 725 is toegeken aan CMR Noord vir die volgende projekte:

☐ Red 'n kind

Die doel van die projek is om die verwydering van jong kinders uit hul ouerhuise te voorkom deur die beveiliging van die kind in sy gesin. Indien verwydering onafwendbaar is, moet begeleiding aan die kind gegee word om die traumatiese effek van verwydering tot die minimum te beperk.

☐ Pleegsorgkamp

'n Jaarlikse kamp vir 30 pleegsorgkinders word gehou vir die hantering van die pleegsorgsituasie saam met ander kinders in soortgelyke omstandighede. Aandag word gegee aan die hantering van trauma, selfbeeldontwikkeling en ontspanning.

☐ Voorskoolse-stimulasieprogram

Sowat 40 kinders ontvang dagsorg by gemeenskapsentrums in Vosstraat en Derdepoort in Pretoria. Dit het nodig geword aangesien ouers weens armoede dikwels kinders sonder toesig laat wanneer hulle gaan werk. Die sentrums bied versorging, stimulasie, voeding, klere en die voorkoming van verwaarlosing.

NG Kerk-sinode Hoëveld

R449 659 is aan die NG Barmhartigheidsdiens toegeken vir die volgende:

☐ Abraham Kriel-, Maria Kloppers- en Emdeni-kinderhuis

Die skenking deur die Beeld-Kinderfonds is aangewend vir die vervoerkoste van die drie kinderhuise. Altesame 450 kinders moet daagliks na en van skole, buitemuurse aktiwiteite en terapeute vervoer word.

Gemeenskapsprojekte

Die Christelike Maatskaplike Rade van die NG Kerk in Gauteng en Mpumalanga wend die Beeld-Kinderfondsskenking as volg aan:

Materiaal vir spelterapie en terapeutiese dienste vir getraumatiseerde kinders; ondersteuning aan enkelouers; Kerspartytjies vir pleegsorgkinders; bemagtiging van jeugdiges rakende dwelmmisbruik, gesinsgeweld, seksuele molestering, verkragting, MIV/vigs en tienerswangerskappe; skoolbenodigdhede en -klere vir pleegkinders en arm kinders; beskerming van verlate kinders; toerusting vir 17 kleuterskole in Thokoza en Edenpark; 'n kamp vir kinders met vigs; 'n kamp vir minderbevoorregte kinders in Boksburg; en voedingshulp aan arm gesinne.

Verenigende Gereformeerde Kerk Suid-Transvaal

R219 545 is toegeken en word aangewend vir die kinder- en jeugbediening van die VGK. Die geld word tot voordeel van 6 698 behoeftige kinders in Ennerdale, Promosa, Toekomsrus en Rus-ter-Vaal gebruik. Dit sluit in uitstappies, kampe, voeding, klere, sportdae, Kersprogramme en Sondagskoolkategete-opleiding.

Ander toekennings

Die res van die geld word geskenk aan welsynsorganisasies wat aansoek doen by die Beeld-Kinderfonds. Die aansoeke word oorweeg deur 'n toekenningskomitee en oor elke organisasie word navraag gedoen alvorens geld aan hulle geskenk word.

R770 000 is aan die volgende organisasies toegeken:

■ Intergemeenskapsdienste (Lichtenburg). Ongeveer 185 kinders in Blydeville word daagliks voorsien van voedsel, klere en dagsorg.

■ SAVF Gesinsorg Carletonville.

Voorsien in die behoeftes van 80 kinders in 'n deurgangshuis. Dit sluit in voeding, klere, skoolbenodigdhede en so meer.

■ SAVF Vereeniging. Vir die aankoop van skoolklere en skoolbenodigdhede van 30 kinders in die SAVF-deurgangshuis vir getraumatiseerde vroue en kinders.

■ Carel du Toit-sentrum (Pretoria). Dowe kinders word geleer om te praat, hulp met skoolgelde vir 13 behoeftige, gehoorgestremde kinders.

■ Kinderevangelie-beweging (Pretoria). Voedsel en skryfbehoeftes vir 650 arm kinders in Danville en omstreke wat by die Bybelstudiegroepe ingeskakel is.

■ Boys Town Magaliesburg. Skoolklere vir 50 minderbevoorregte kinders.

■ Echo-jeugontwikkeling (Pretoria). Versorging en huisvesting van 17 kinders wat haweloos was.

■ Louis Hildebrandt-kinderhuis, Volksrust. Uitstappies en beddegoed vir die 90 kinders wat daar versorg word.

■ Vosstraat-gemeenskapsentrum (Pretoria). Hulp aan die kleuterskool vir 60 kinders uit uiters arm gesinne, wat andersins alleen toegesluit word wanneer ouers gaan werk.

■ Mpumalanga-geestesgesondheidsvereniging. Aankoop van toerusting vir al die takke van hierdie organisasie in Mpumalanga. Dit sluit in DVD-spelers.

■ Vaaldriekhoek-vereniging vir serebraal gestremdes. Die verf van die June Nicolis-skoolgebou en omheining.

■ SAVF Lichtenburg. Die aankoop van voedsel vir die sopkombuis vir sowat 800 kinders.

■ Huis Tekna (Warmbad). Plek van veiligheid vir 30 getraumatiseerde kinders. Dit bied gespesialiseerde terapie vir kinders wat seksueel misbruik en mishandel is.

■ Iphateleng (Soshanguve). Daaglikse versorging van 20 kinders met gestremdhede.

■ Ikhaya Lenjabulo (Soshanguve). Kos, klere en voorsiening in ander behoeftes van 105 kinders wat deur MIV en vigs geraak word.

■ Centurion-hospies. Die aankoop van 'n klimraam en opvoedkundige speelgoed vir kinders by die sentrum, asook kinders van pasiënte (sowat 30 kinders).

By gemeenskapsprojekte word kinders ontwikkelingsgeleenthede gegee en kan hulle hulself uitleef.

■ Mali Martin Polokegongsentrum (Bronkhorstspruit). Dit is 'n veilige hawe vir slagoffers van misdaad. Dit voorsien in die basiese behoeftes, terapie en skoolbenodigdhede vir die sowat 50 kinders wat tydelik hier gehuisves word.

■ Meerhofskool vir gestremdes (Hartbeespoort). Die instandhouding van badkamers.

■ Mohau-sentrum (Atteridgeville). Die versorging van 45 kinders met MIV/vigs.

■ Aksie Arbeiders vir die Oes (Pretoria). Hulp aan kinders in Pretoria en omliggende gebiede wat in skuilings woon en nie huisvesting of ontwikkelingsgeleenthede het nie.

■ Inkululeko Day Care Centre (Pretoria). Dagsorg aan arm kinders in Salvokop.

■ Oasis Haven (Randburg). 'n Veilige hawe vir vigswesies, babas en kinders wat verlaat is, asook mishandelde en verwaarloosde kinders.

■ Vereniging vir persone met gestremdhede: Gauteng-Noord. Versorging van kinders by Klein Kannetjies, plek van veiligheid, vir kinders wat mishandel en verwaarloos is.

■ MES (Johannesburg). Vakansiekamp vir minderbevoorregte laerskoolkinders uit die Johannesburgse middestad.

■ Woodside-kinderhawe (Johannesburg). Stimuleringstoerusting vir 110 fisiek en verstandelik erg gestremdes.

■ Winterveld-gemeenskapsprojek (Noordwes). Die daaglikse versorging en stimulering van voorskoolse kinders in hierdie uiters armoedige gemeenskap.

■ SAVF Volksrust. 'n Voedingsprojek vir kinders van Phembindlela Primary School.

■ PEN (Pretoria Middestad). Versorging van 16 kinders in die Precious Pearls-plek van veiligheid. Die kinders is tussen 3 en 12 jaar oud.

■ SAVF Middelburg. Verkryging van skooltruie vir behoeftige laerskoolkinders.

■ Rainbow-dagsorgsentrum (Randfontein). Instandhouding van die geboue waar kinders met veelvuldige gestremdhede daagliks versorg en gestimuleer word.

■ Thuthukani-jeugprojek in Mamelodi. Om die lewensgehalte te verbeter van 60 hoërisiko-kinders (wees- en behoeftige kinders), asook onderpresteerders weens moeilike gesinsomstandighede van Meetse a Bopelo en Legoraskole.

■ Thakaneng (Potchefstroom). Voortsetting en uitbreiding van programme om straatkinders en kinders met MIV/vigs te help.

■ Leeuwfontein-gemeenskapsontwikkelingsprojek (Kameeldrift/Pretoria). Dit behels die versorging van 30 voorskoolse kinders van dié informele nedersetting.

■ Timios. Dit behels die voorsiening in die spesiale behoeftes van 75 kinders in hierdie veiligheidshuis. Sluit in sielkundige dienste en spelterapie.

■ POPKids (Salvokop, Pretoria). Die versorging van 40 kinders by die dagsorgsentrum wat saam met hul ouers in skuilings of op straat bly.

■ Laerskool Sonop (Brits-omgewing). 'n Skool in 'n arm nedersetting. Dit behels uitstappies en lewensverryking vir 327 kinders van die skool.

■ Kekana Primary School. Die skool benodig spoeltoilette vir die 800 leerlinge.

■ Wolmer-gemeenskapsprojek (Pretoria-Noord). Lewensvaardigheidsprojekte en skoolbenodigdhede vir die 150 kinders wat betrek word.

■ Mett Centre (Pretoria-middestad). Dit behels individuele traumaterapie aan kinders en hul gesinne.

■ Dasha School. Dit is 'n skool vir gestremde kinders in Nelspruit.

Kinders in kinderhuise, pleegsorghuise en plekke van veiligheid word deur Huisouers gehelp met onder meer huiswerk.

Goeie 30 jaar vir fonds

Só word baie kinders gehelp

VOORSITTERSVERSLAG 2007

Dit is 'n voorreg om weer verslag te doen van die werksaamhede van die Beeld-Kinderfonds die afgelope jaar.

Dit is 'n besondere jaar, omdat ons vanjaar 30 jaar oud is. In hierdie feesjaar het ons geleentheid gekry om terug te kyk op ons geskiedenis en die ontwikkeling van die fonds vanaf 1976.

Tydens 'n feesgeleentheid is soveel moontlik rolspelers van die afgelope 30 jaar saamgetrek en daar is erkenning gegee en dankie gesê. Lede van die Rapportryers van Langlaagte wat die inisiatief geneem het, *Beeld*-redakteurs en personeel wat destyds en daarna betrokke was, oud- en huidige trustees en lede, vriende van die Kinderfonds en donateurs het almal saamgekuier.

Die Kinderfonds het die afgelope 30 jaar 'n daadwerklike rol gespeel om 'n verskil in behoeftige kinders se lewens te maak. Ons is met dankbaarheid vervul en bring graag hierdie jaar hulde aan baie mense wat deur die jare op 'n onbaatsugtige manier tyd en energie gegee het vir 'n saak wat ons na aan die hart lê. Die Beeld-Kinderfonds het vir baie mense die kanaal geword waardeur hulle kan help om kinders se lewens te vergemaklik.

Die uitstaande kenmerk die afgelope 30 jaar was sekerlik die merkwaardige groei van die Kinderfonds. Met die eerste insameling in 1977 is R2 846,24 ingesamel. Vanjaar het insameling meer as R3 miljoen beloop. Deur die jare het die Kinderfonds 'n groot rol gespeel in die bewusmaking van die groot nood onder kinders. Daarmee saam het ons 'n fenomenale bydrae gelewer om 'n verskil te maak in die lewens van kinders en om vir hulle 'n beter lewe en toekoms te kon besorg.

Die Beeld-Kinderfonds het deur die jare daarop aanspraak gemaak dat ons geloofwaardigheid, integriteit en deursigtigheid ons belangrikste bate is. Die geld moet die instansies bereik wat die nood aanspreek, en moeite word gedoen om seker te maak dat die geld reg aangewend word. Elke organisasie wat baat by die Kinderfonds, word vooraf ondersoek om seker te maak dat hulle voldoen aan die vereistes wat ons stel.

Johan Krige Hoof Uitvoerende Beampte/ CEO

Ek wil graag erkenning gee aan almal wat so hard gewerk het om dit moontlik te maak.

Beeld

Mnr. Ton Vosloo het by die feesgeleentheid gesê dat die Beeld-Kinderfonds die siel van die koerant is. Die Beeld-Kinderfonds se sukses hang ten nouste af van die ondersteuning wat *Beeld* gee. *Beeld* het die afgelope 30 jaar met beriggewing mense oorreed om deel te neem aan hierdie suksesverhaal.

Die positiewe gesindheid onder die redakteurs oor die jare en nou ook van mnr. Peet Kruger as redakteur, maak dit 'n voorreg om saam te werk. Baie dankie aan Sarel van der Walt met sy inisiatief en tyd vir die Kinderfonds die afgelope jaar. Dankie aan die verslaggewers se berigte en stories. Dit het 'n belangrike rol gespeel om mense te oorreed.

Werknemers

Met soveel oproepe vir geld uit alle oorde word dit al hoe moeiliker om mense en veral maatskappye se aandag te trek en hulle te oortuig dat 'n belegging in die Beeld-Kinderfonds die moeite werd is. Baie dankie aan me. Adrie van Staden vir al haar harde werk. Sy het oor die jare haarself bewys as iemand wat selfstandig en met toewyding haar taak vervul het. Omdat dit vir haar meer is as net 'n werk, was geen opoffering vir haar te groot nie. Adrie se vindingrykheid en visie het soveel geleenthede vir die Kinderfonds geskep. Dit is 'n voorreg vir die Kinderfonds dat ons iemand van haar kaliber het, sy het 'n reusebydrae gelewer in die groei van die fonds die afgelope 11 jaar.

Die Kinderfonds se besluit om die administratiewe en bemarkingsfunksie van die Kinderfonds te skei, het onmiddellik vrugte begin afwerp. Die aanstelling van me.

Annari Walters in 2005 het meegebring dat die fonds vir die eerste keer 'n behoorlike gerekenariseerde boekhoustelsel kon ontwikkel. Die finansiele sake van die Kinderfonds is goed onder beheer en maak die taak van ons ouditeure, PricewaterhouseCoopers, baie makliker. Annari het haar baie goed van haar taak gekwyt. Sy lewer ook 'n positiewe bydrae om die administrasie vlot te laat verloop.

Die deelnemende kerke

Die rol wat die kerk speel in die ontwikkeling van mense in ons land word nie altyd na waarde geskat nie. Ons kerke vervul 'n belangrike rol en ons is dankbaar om hulle as deel van die vennootskap te hê. Dit skep ook die gerustheid dat die geld reg aangewend word in belang van kinders in nood wat onder hulle toesig is.

Dagbestuur

Die lede van die dagbestuur het 'n groot deel van die las gedra wanneer dit by vergaderings en besluitneming kom. Ek wil graag aan Adrie van Staden, Annari Walters, Sarel van der Walt, Jan Oberholzer, Shirley Theron en Terence Wessels baie dankie sê vir die baie tyd wat hulle aan die Kinderfonds gegee het. Dankie veral aan Jan Oberholzer vir die baie ekstra tyd wat hy afgestaan het in belang van die Kinderfonds.

Die pad vorentoe

Dit is belangrik dat die Kinderfonds steeds 'n deurslaggewende rol sal bly speel in die jare wat kom om die nood by kinders te verlig. Die eise wat armoede en MIV/vigs aan ons land stel, kan nie geïgnoreer word nie. Die Beeld-Kinderfonds moet met dieselfde ywer die uitdagings aanpak as in die verlede.

Ons dank aan ons Hemelse Vader wat ons in staat gestel het om 'n verskil te kon maak!

Mag die nuwe jaar vir die Beeld-Kinderfonds nog 'n mooier jaar wees.

Johan Krige
Voorsitter

Jill Erasmus van Zeerust het die Toyota Avanza gewen in die Toyota/RSG-motorkompetisie ten bate van die Beeld-Kinderfonds.

Stefan Linde van Potchefstroom het die sleutels van die Toyota Yaris in sy sak gedruk in die Toyota/RSG-motorkompetisie ten bate van Beeld-Kinderfonds.

Ondersteun dié geleenthede deur die jaar

■ **Beeld-Kinderfonds en geldinsamelingsprojekte.**

Verskeie geldinsamelingsprojekte word deur die jaar aangebied. Navrae oor enige van dié projekte kan gerig word aan Adrie van Staden by ☎ 011 976 2273.

Borgskappe en ondersteuning aan die projekte word waardeer.

Volledige inligting is op die internet beskikbaar op die webblad www.beeldkinderfonds.co.za

■ **Valentynsdans en -dinee**

Die jaarlikse Valentynsdans en -dinee word met die borgskap van Absa aangebied en is die ideale geleentheid om geliefdes te bederf.

Dit word op Vrydag 8 Februarie in Pretoria aangebied en sluit 'n vyfgang-aansit-ete in die geselskap van televisie-sterre en ander kunstenaars in. 'n Dansorkes is ook deel van die vermaak op dié glansryke geleentheid.

■ **Absa-gholfreeks**

Gholfdae word in vier provinsies aangebied ten bate van die Beeld-Kinderfonds: die VDT-gholfdag in Pretoria; die Du Toit Smuts & Mathews Phosa-gholfdag in Nelspruit; die Acctech Systems-gholfdag in Durban; en die Eiland Spa-gholfdag in Phalaborwa.

■ **Die Mode Extravanganza**

Dit was vanjaar 'n groot sukses en beloof om 'n jaarlikse instelling te word. Die program bestaan uit sprekers wat gaste inlig oor voorkoms, haarversorging en grimering; kunstenaars wat vermaak met musiek; en 'n modeparade vir oud en jonk. Die geleentheid is aangebied deur Mirè Allan (Miss Tiny SA 2006) en Cecile Brits (Mej Jr SA 2006) in Pretoria.

■ **Die motorkompetisie**

Dit word in 2008 vir die 12de keer aangebied in samewerking met Toyota en RSG (100 tot 104 FM). Hou *Beeld* dop vir inligting of kyk op die webblad.

■ **Spinning Marathon**

Kom spin saam in September by Centurion Mall. Dit word aangebied deur Exxaro en geborg deur Abpco.

■ **Kerskonserte in 2008**

Dit word in Pretoria en Johannesburg gehou. Juanita du Plessis, Hennie Smit en Arina de Wit het reeds bevestig dat hulle op 27 en 28 November by *Beeld* se kerskonserte gaan optree. Moet dit nie misloop nie.

Besoek www.beeldkinderfonds.co.za.

Kinderfonds is dié koerant se siel

Peet Kruger, redakteur van Beeld

Mnr. Ton Vosloo, voorsitter van Naspers, het onlangs met die 30ste verjaardagdinee van Beeld se Kinderfonds gesê 'n koerant moet 'n siel hê en die Kinderfonds is *Beeld* se siel.

Die Kinderfonds vier vanjaar met dankbaarheid sy 30ste bestaansjaar.

Van 'n klein begin in 1977 – toe Vosloo nog redakteur van *Beeld* was – en minder as R3 000 ingesamel is om 55 hulpbehoewende kinders see toe te neem, het die fonds die volgende drie dekades gegroei tot een van die grootste in sy soort in die land.

Sonder *Beeld* se lesers wat 'n sagte plek in hul hart het vir kinders wat swaarkry, sou die Kinderfonds nie gewees het waar hy vandag is nie. Ook nie sonder die hulp van die kerke – en veral die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Apostoliese Geloofsending, die Verenigde Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk – nie.

Hul lidmate het oor die jare heen mildelik bygedra tot die fonds. Baie dankie.

Beeld lig ook sy hoed vir die Kinderfonds se getroue borge, wat oor die jare heen 'n groot rol gespeel het in sy sukses. Baie dankie.

Ook 'n spesiale woord van dank aan ds. Johan Krige, die huidige voorsitter, wat al 30 jaar lank betrokke is, die raad van trustees, die beskermpersone (vorige en huidige), asook die twee heeltydse personeellede, mevv. Adrie van Staden en Annari Walters.

Al is 30 jaar verby, is die uitdagings nie. Mag die Kinderfonds van krag tot krag gaan.